Vandeesweek is internasionale ooptoegangweek. **Leti Kleyn** verduidelik hoe dié beweging die akademie se ivoortorings laat tuimel.

# Googleloer


## deur akademiese skathuise













Hierdie politieke plakkate vorm deel van Unisa se institusionele pakhuis.

Toe my IT-broer vyf jaar gelede vertel Amerikaanse kinders kan 'n rekenaarprogrammeringstaal in die plek van 'n taalvak op skool kies, het ek hardop gewonder hoe dit sal klink as twee kinders Java of HTML met mekaar in die kafeteria staan en praat.

Sy oortuiging het egter geen perke geken nie. Kort daarna het hy begin om gratis ooptoegangsagteware soos Linux op ons rekenaars te laai en standpunt ingeneem teen die tradisionele model van kopiereg deur woorde soos *copyleft* teenoor *copyright* te gebruik.

Toe daai arrogante IT-broer van my egter een aand meen ek is besig om sy belastinggeld op 'n onwaardige navorsingsprojek te verkwis, het ék in tale begin praat. Hy het sy hande moedeloos in die lug gegooi oor die ivoortoring waarin ek my navorsingswerk doen wat deur niemand gelees sal word en geen waarde vir die groter samelewing het nie.

Hoe kon 'n IT-iemand (wat nie eens een strofe van 'n gedig of 'n sinnetjie uit 'n ontroerende roman kan opsê nie) my 'n les oor my bedryf kom gee? Hoe kon my navorsing "waardeloos" wees as dit dan in 'n akademiese joernaal van hoogstaande gehalte gepubliseer is?

Al kan jy dit nie google nie, beteken dit mos nie dat dit nie bestaan nie?

**Gratis aan die breë publiek**

Mens kan deesdae deur 'n sogenaamde MOOC (Massive Open Learning Course) ooponderrig-kursusse loop in byna enige vakrigting onder die son.

Die tradisionele benadering van tersiêre onderrig vir 'n uitgesoekte groep is besig om te verval. Alternatiewe groei blitsvinnig en dit sluit ook die ooptoegangbenadering vir akademiese navorsing in.

Volgens die Universiteit Stellenbosch verwys oop toegang (*open access*) volgens die Budapest-ooptoeganginisiatief na die praktyk om:

● "Onbelemmerde toegang deur middel van die internet te verleen tot [...] navorsingsartikels, tesisse, proefskrifte/verhandelings, monografieë en hoofstukke in boeke.

● "Toegang daartoe is onmiddellik en intyds, en die inhoud word gratis beskikbaar gestel aan eindgebruikers. Skrywers/outeurs/navorsers wat in die ooptoegangomgewing publiseer, doen dit gewoonlik onder die Creative Commons Attribution-lisensie, wat gratis en onmiddellike toegang tot en onbeperkte gebruik van oorspronklike werk in alle formate toelaat.

● "Onder hierdie lisensie maak navorsers hul navorsingsinhoud wettig beskikbaar vir hergebruik; sonder dat geskrewe toestemming benodig word of enige geld betaalbaar is en ook vir bykans enige doeleinde.

● "Enigeen mag die navorsingsinhoud kopieer, versprei of hergebruik, met die voorwaarde dat die outeur(s) en oorspronklike bron volledig aangehaal en erken word."

Suid-Afrikaanse universiteite werk die afgelope dekade hard daaraan om as deel van die ooptoegangbeweging akademiese navorsing in institusionele navorsingspakhuise (*institutional repositories*) op te neem. Hierdeur word akademiese navorsing gratis aan die breë publiek beskikbaar gestel.

Kampvegters vir hierdie inisiatief voer aan dat akademiese joernale wat navorsing publiseer onbekostigbaar duur is en dat slegs uitgesoekte universiteitsbiblioteke toegang tot dié gepubliseerde navorsing kan bekostig. As die algemene gebruiker toegang hiertoe wil verkry, moet hy/sy 'n ingeskrewe student of gevestigde navorser wees.

Boonop is die mening dat navorsing wat deur regerings uit belastinggeld gefinansier word, ook toeganklik moet wees vir die breë publiek, wat indirek tot die finansiering daarvan bydra. Deur institusionele pakhuise kan 'n gebruiker nou met 'n eenvoudige internetsoektog toegang verkry tot 'n magdom inligting.

En dit is nie bloot net die akademiese navorsing oor die spysverteringstelsel van die lintwurm, groeipatrone in turksvyblaaie, die psige van die massamoordenaar of 'n ontleding van veesiektes in Limpopo nie…

**'Mens kan nie sonder oop toegang'**

Ria Groenewald van die Universiteit van Pretoria (UP) se digitaliseringskantoor kan lang definisies gee oor wat digitale toeganklikmaking beteken, maar haar eintlike passie lê by dit wat haar kantoor reeds in die openbare domein beskikbaar gestel het.

Dít is waaroor sy met passie en oortuiging gesels: Boeke en dokumentasie van die ou sendelinge en reisigers in Suid-Afrika; 'n versameling oor die argitek Gerard Moerdijk vol koerantknipsels en foto's; uittreksels uit die universiteit se Mapungubwe-versameling; en 'n Pretoriana-versameling met kosbare, argaïese publikasies.

Dan is daar Arnold Theiler, stigter van Onderstepoort, se versameling waaronder gedokumenteerde artikels oor perdesiektes en ook 'n internasionale samewerkingsinisiatief waarin onder meer die Suid-Afrikaanse biodiversiteitserfenis digitaal bewaar gaan word.

Die UP se Merensky-biblioteek besit 'n unieke rotskuns-fotoversameling van meer as 44 000 foto's wat die navorser Bert Woodhouse geneem het. Hierdie versameling is reeds gesorteer en geklassifiseer, asook gedeeltelik geskandeer.

En met die kopieregtoestemming van Media24 is die volledige *Die Huisgenoot* van 1916 tot 1985 ook geskandeer. Hierdie reeks behoort van volgende jaar in die universiteit se pakhuis beskikbaar te wees.

"Om ver te kan vlieg moet jy in 'n groep vlieg," verduidelik Groenewald.

'n Mens het 'n gedugte span nodig, want al die skandering word hier nog grootliks met die hand gedoen. Dit is duur en tydrowend, maar in haar kantoor is daar nie verskonings nie.

" 'n Mens kan nie meer leef sonder oop toegang nie," meen sy.

Daar moet net 'n windjie waai wat aandui daar is belangstelling in iets, dan sal dit op die skandeerblad van haar kantoor beland. Al sluit dit nou ook 'n negentienvoetsek-publikasie van ene dr. Punt in wat die ontstaan van die straatname in Pretoria verduidelik of 'n nagraadse studie oor Venda-vroue.

**Pakhuise propvol inligting**

As jy dit nie kan google nie, bestaan dit nie. Wel, amper.

As 'n mens nie vandag toegang tot iets kan kry deur 'n google-soektog nie, moontlik môre of oormôre wel.

Tye verander, tendense verander, tradisionele publikasiepraktyke word op die kop gekeer, pakhuise word propvol ou en nuwe inligting gepak – alles tot voordeel van die eindgebruiker.

Ek praat deesdae nie meer so baie in tale met my IT-broer nie. Ek kan nog nie Java of HTML of XML praat nie, maar ek is verlig ek ken iemand wat kán.

**● Dr. Leti Kleyn is ooptoegangbestuurder by die UP se Merensky-biblioteek. Vind Tukkies se pakhuis by http://repository.up.ac.za.**

### Hoe oop is toegang elders?

Die Universiteit Stellenbosch se SunScholar-pakhuis het meer as 55 000 inskrywings en hulle stel eersdaags 'n platform met dokumentasie uit hul spesiale versameling beskikbaar. Daarin sal onder meer digitale weergawes van die destydse *Vrye Weekblad* wees.
**http://scholar.sun.ac.za**

Die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) se pakhuis het meer as 15 000 inskrywings en sluit 'n groot versameling digitale argiefmateriaal in, soos 'n versameling politieke plakkate van onder meer die 1992-referendum en die 1994-verkiesing.
**http://uir.unisa.ac.za**

Die Noordwes-Universiteit (NWU) se pakhuis het bykans 9 000 inskrywings en sluit meer as 60 gedigitaliseerde Africana-boeke in – soos 'n boek deur S.J. du Toit wat in 1880 gedruk is: *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging ver vrind en vyand.*
**http://dspace.nwu.ac.za**

